# Taffienuus: April 2024

**Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede**

Paasnaweek begin die draai van die seisoen -vanaf somer na herfs.  Dis nog altyd so dat die weer in die Kaap merkbaar verander rondom Paasnaweek.  Sekerlik is dit so omdat Paasnaweek se datum deur die maan se siklus bepaal word.  Daarom is Paasnaweek se datums nooit elke jaar dieselfde nie.  Goeie Vrydag se datum word vanaf die vroegste tye vasgestel as: die eerste Vrydag wat volg op die volmaan direk na 21 Maart (dag en nag ewening).  Daarom is dit ook so dat die weer begin verander, want dit is die begin van die nuwe seisoen.

Eerskomende naweek (29 Maart tot 1 April) is Paasnaweek.  Christene regoor die wêreld herdenk Vrydag as die dag wat Jesus vir hul sondes gesterf het en drie dae daarna opgestaan het uit die dood.  Sondag word as Paassondag herdenk.  Dit is die hoogtepunt van Christene se jaarlikse feesviering omdat die opstanding van Christus, die kernmoment vir Christene is.  So vir Christene is Paasnaweek van baie besonderse betekenis.  Met Opstanding Sondag wens Christene wêreldwyd ook vir mekaar “Geseënde Paasfees “toe met die woorde “Die Heer het waarlik opgestaan!  So van my kant af- Mag die Paastyd vir jou baie seën inhou!  En mag jy baie goeie foto’s neem waar jy jou ook al in die tyd bevind!!

## 1. KLUB PRESTASIE:

### 1.1 Uitslae van PSSA Salonne (vir 2023-2024 Impala jaar):


- Die totale is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het.

| | AFO Nas.  salon |
|---|---|
| | |
| Andre de Koker | 1 |
| Neels Beyers | 3 |
| Philip de lange | 1 |
| Christo Giliomee | 1 Meriete en 8 |
| Quintus Heine | 2 |
| Theo Potgieter | 2 |
| Juliana van Dyk | 1 Meriete en 5 |
| Adriaan v Zyl | 1 Meriete en 8 |
| Karen v Zyl | 1 Meriete en 6 |
| | |
| | |
| | |

**Baie-baie geluk aan elkeen met hulle uitstekende prestasie.  Tafklub is baie trots op elke lid wat so presteer.  Op die oomblik is Tafklub 8ste in die land op die Impala lys – Dis**

**voorwaar 'n goeie prestasie. Christo Giliomee is 15de in die land en eerste in Wes Kaap as indiwidu.**

## 2. WEN-FOTO'S VAN Maart 2024- Tema – Vaste kategorie: Minimalisme



**Under: Quintus Heine**
**Wenner: Vaste kategorie en Maandwenner**



**Soekend: Frank Smith**
**2de: Vaste en Junior wenner**



**The Dancer: Phillip de Lange:**
**Wenner: Ope**



**Growling Caracal: Dixon Norval**
**2de: Ope**



**Pink Flamingo: Juliane van Dyk : Wenner- Prints**

**Baie geluk aan die Maandwenners!!!!**

## 3. Internasionale uitslae:

**Mariana Visser:** Nepal Photo Carnival 2024 – 4 aanvaardings
: Black Bull awards: 3 aanvaardings
**Baie baie geluk Mariana Jy hou ons naam internasionaal hoog!!!**

## 4. PROGRAM 2024

- Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is op ons webtuiste aangebring. www.tafklub.co.za.

## 5 April 2024: BYEENKOMSTE

### 5.1 Kompetisie April: Landskap-Natuur (Landscape-Nature)

- Die maand se klubkompetisie is **23 April** en die sluitingsdatum is **17 April. Die tema is: Landskapfotografie en die beoordelaar is Christo Giliomee.**
  **Definisie: Let asb. op die definisie van PSSA (geen mensgemaakte elemente in die foto nie)**
  **Landscape-Nature - A genre intended to show different spaces within the world, usually vast and unending. A landscape comprises the visible features of an area and physical elements such as landforms, water, living elements of flora and fauna and abstract elements like lightning and weather conditions. It could be pure nature or include animals. Man-made/cultivated subjects may not be included. No Manupulation**

  **Dit is ook 'n hibriede byeenkoms. Sien die program**
- **Prints**: Vanaf Feb. - Mei en ook Okt. en Nov. gaan ons hibriede (Zoom en fisies) kompetisie-aande hê sodat daar ook prints ingeskryf kan word. Prints word op Photo Vault ingeskryf en moet 'n halfuur voor kompetisie aand begin in wees

### 5.2 Vaardigheid. City Scapes

- **City Scape Fotografie**: Theo Potgieter praat Dinsdagaand 9 APRIL met ons oor City Scapes = maar met die klem op nagfotografie (City scapes in night). Hy het heelwat ervaring daaroor en ons sien uit om by hom te leer. Die kompetisie vir City Scapes is eers in Mei.
- Dit is 'n Hibriede byeenkoms van die jaar (Zoom en fisies) Ons wil vriendelik versoek dat soveel moontlik mense dit sal bywoon.
- **Uitstappies:** Op 15 April het ons 'n uitstappie na Kaapstad om spesifiek Argitektuur af te neem. Juliane sal meer op die Whatsapp groepe berig.

## 6. LANDSKAPFOTOGRAFIE:

**Christo Giliomee het in Maart se vaardigheidsaand 'n baie deeglike ontleding van landskapfotografie gegee. Dit kan gekyk word by**
**https://drive.google.com/file/d/1nf6KaUg38qpPIreWNOPZrsHOFvi9Goen/view?usp=drive_link**

## 7. JAARVERGADERING 23 April 2024

Tafelberg Fotografieklub se jaarvergadering is op 23 April 2024. Hiermee word kennis gegee van die jaarvergadering net voor of na ons kompetisie aand. Ons begin 19:00 eers met die jaarvergadering en daarna doen ons die kompetisieaand. Gaste wat inskakel word versoek om eers 19:15 in te skakel.

## 8. PSSA: HONOURS

**Lees gerus: Hoe werk Honours op die PSSA se webtuiste.**
**https://pssa.co.za/how-to-apply-for-honours/**

- **Klubkompetisies is om jou te laat groei- Die doel is om te leer en te geniet**
- **Salonne  is waar jy teen ander fotograwe kompeteer**
- **Honours is die eksamen van Fotografie in PSSA.**

  **Ek haal aan uit die PSSA webtuiste (in Engels)**

  **Licentiateship:** (panel of 10 Photos) The LPSSA is the entry level Honours and is awarded for a high level of basic skill and competence.
  **Associateship:** (panel of 15 Photos)The APSSA is awarded for a high standard of technical skill, competence and creative ability. This award recognizes a high standard of achievement in the art and science of the medium and is awarded in recognition of work of a good aesthetic and technical standard. In order to apply for an APSSA a member must either hold a LPSSA or a 3 Diamond Rating in the medium of application or an APSSA in any medium. The exception to this ruling is that an applicant in Audio Visual must hold a LPSSA in Audio Visual.
  **Fellowship:** (panel of 25 Photos)The FPSSA is awarded for excellence and distinguished ability. The Fellowship recognizes a high standard of achievement in the art and science of the medium and is awarded for excellence. The applicant must hold an APSSA in the medium of application

**Vir enigiemand wat graag leiding wil ontvang van Wes Kaap se fotografieforum =kontak asb. vir Nicol du Toit voor 14 April by: nicol@sportstrader.co.za**

Lees ook hieroor by: https://facebook.us20.list-manage.com/track/click?u=1d012a92204255ccfcc7dc10b&id=9d423796d0&e=cc61a11060

## 9. Is daar 'n taalbeleid by Taffies ?

Die bestuur kry so van tyd tot tyd 'n navraag oor ons taalbeleid.  Ons het dit elke keer vir mekaar genoem dat elkeen wat lid is van Tafklub in die taal van sy keuse kan deelneem (Afr. of Engels).  Ons wil niemand uitsluit nie.  Ons besef egter dat ons die geskiedenis van Tafklub moet respekteer.  Een van die redes vir die stigting van Tafklub was omdat daar nie 'n Afrikaanse klub in die omgewing was nie en die behoefte vir 'n Afrikaanssprekende klub wesenlik was.  Daarom gebruik ons nog altyd hoofsaaklik Afrikaans tydens klubbyeenkomste en korrespondensie.  Ons wil egter op geen manier ons Engelsprekende lede uitsluit nie.
**In die verband is die volgende belangrik: 1) Elke lid kan deelneem in die taal van sy keuse (Afrikaans of Engels), en 2) elke lid moet ten minste Afrikaans en Engels (beide) kan verstaan.**

## 10. TEN SLOTTE:

*My wense is dat elke lid van Tafklub die maand sy/haar se passie vir fotografie sal uitleef!!!*
*Neem baie foto's!*

**Foto-groete en Geseënde Paasfees**

**Quintus Heine**